**Woensdag 23 Augustus**
**Skrifgedeelte: Psalm 23**
**Fokusgedeelte: Psalm 23:1 (AFR83)**
**Ware rus vind in God se teenwoordigheid plaas**

Die gedeelte uit Markus 6:30-34 wat ons gister gelees het, lei die eerste vermeerdering van die brood in. Dit is die wonder waarin Jesus meer as vyfduisend mense gevoed het uit vyf brode en twee visse (Mark. 6:35-44). In daardie gedeelte het Jesus vir sy apostels die opdrag gegee om die mense in groepies op die groen gras te laat gaan sit om te eet. Hulle was letterlik bedien, het oorgenoeg geëet en daar het selfs twaalf mandjies vol kos oorgebly.

Sien nou hoe bely Dawid in Psalm 23 reeds sy oortuiging dat hy niks kortkom nie en dat die Here hom in groen weivelde laat rus. Dawid sê selfs dat die Here hom soos ’n eregas ontvang en hom by ’n feesmaal laat aansit. Die simboliek uit Psalm 23 wys profeties na die wyse waarop hierdie belofte van versorging, beskerming en rus van die Here in vervulling sal kom. Dalk in Markus 6 in die letterlike sin van die woord deur daardie wonderwerk, maar soos ons weet, dui Jesus se wonderwerke altyd op iets soveel groter.

Jesus se wonderwerke openbaar sy heerlikheid. ’n Heerlikheid wat beskore is vir ons in ewigheid. Hy sal ons nie net in hierdie wêreld tye en plekke van rus, versorging en beskerming gee nie, maar in besonder is daar vir ons die vooruitsig van ’n ewige rus, versorging en beskerming. Lewe daarom vandag reeds bewus van die Here se versorgende hand in jou lewe. Hou vas aan die wete dat Hy jou deur sy Gees soos ’n Herder sal lei na die groenste van groen weivelde. Hy is altyd by jou.

Ware rus vind slegs in God se teenwoordigheid plaas.

*Sing: Psalm 23-1:1, 2, 3*

*Ds. HC Andersen (Riaan) (Rooihuiskraal)*